

HOOFSTUK 4**DIE EMPIRIESE ONDERSOEK**

Die doel van hierdie ondersoek is om vas te stel of groepterapie verstandelik gestremde, gedragsgeremde adolessente dogters in 'n kliniekskool sal help om meer toereikend te kommunikeer. Daar moet dus vasgestel word of vertrouwe sodanig opgebou word in die terapiegroep dat blote **omgang** toenemend sal verdiep tot interpersoonlike **ontmoeting**.

4.1 NAVORSINGSHIPOTESES

Na aanleiding van die doel van hierdie ondersoek, soos hierbo gestel, kan die volgende algemene navorsingshipotese gestel word:

Verstandelik gestremde, gedragsgeremde adolessente dogters in 'n kliniekskool sal deur middel van groepterapeutiese interaksie gehelp word tot ontplooiing van hul kommunikasievermoëns, soos wat dit weerspieël word in verbeterde kommunikasiegedrag.

Die subhipoteses wat vervolgens gestel word is gebaseer op die onderskeie wesenskenmerke van interpersoonlike kommunikasie, soos wat dit uiteengesit is in paragrawe 2.2.2 en 3.4 en lui soos volg:

Subhipotese 1: Verstandelik gestremde, gedragsgeremde adolessente dogters in 'n kliniekskool se vermoë tot toereikende **gevoelskommunikasie** sal toenemend ontplooi tydens groepterapie.

Die operasionalisering van gevoelskommunikasie sluit die volgende in:

- * Bewustheid van die eie gevoelens;
- * die bereidheid om gevoelens tot uiting te bring;
- * die uiting van positiewe gevoelens teenoor andere;

- * beheer oor gevoelens;
- * gevoelsmeelewing met andere.

Subhipotese 2: Verstandelik gestremde, gedragsgeremde adolessente dogters in 'n kliniekskool se vermoë tot toereikende **magskommunikasie** sal toenemend ontplooi tydens groepterapie.

Die operasionalisering van die magsaspek van kommunikasie sluit die volgende in:

- * Die vermoë om die self te handhaaf in die groep;
- * aanvaarding van die gesag van groepnorme (samerwerking).

Subhipotese 3: Verstandelik gestremde, gedragsgeremde adolessente dogters in 'n kliniekskool sal tydens groepterapie toenemend groter buigsaamheid vertoon.

Die operasionalisering van buigsaamheid sluit die volgende in:

- * Toegeeflikheid in die kommunikasie met andere;
- * aanpasbaarheid in groepverband.

Subhipotese 4: Verstandelik gestremde, gedragsgeremde adolessente dogters in 'n kliniekskool sal tydens groepterapie toenemend groter erkenning verleen aan die **menswaardigheid van andere**.

Die operasionalisering van erkenning van die menswaardigheid van andere sluit die volgende in:

- * Die betoning van respek aan andere;
- * om deur andere met respek behandel te word.

Subhipotese 5: Verstandelik gestremde, gedragsgeremde adolessente dogters in 'n kliniekskool sal tydens groepterapie meer **rasionele sienings** verwerf aangaande die self en die medegroeplede.

Die operasionalisering van rasionele sienings sluit die volgende in:

- * Selfbegrip;
- * begrip vir andere;
- * insig in verhoudinge en sosiale situasies.

Subhipotese 6: Verstandelik gestremde, gedragsgeremde adolessente dogters in 'n kliniekskool sal tydens groepterapie toenemend ontplooiing toon ten opsigte van hul vermoë tot gesprekvoering.

Die operasionalisering van gesprekvoering sluit die volgende in:

- * Bereidheid tot gesprekvoering;
- * bereidheid tot selfopenbaring;
- * bereidheid om na andere te luister.

Subhipotese 7: Verstandelik gestremde, gedragsgeremde adolessente dogters in 'n kliniekskool sal tydens groepterapie toenemend met hul medegroeplede in ontmoeting tree.

Die operasionalisering van ontmoeting sluit die volgende in:

- * Aanvaarding van die self;
- * aanvaarding van andere;
- * belewing van andere se aanvaarding;
- * empatie met andere;
- * vertrouwe in andere (geborgtheid), en
- * aanvaarding van medeverantwoordelikheid vir die groep.

Waarde-oordrag word in paragraaf 2.2.2.8 as die agtste wesenskenmerk van interpersoonlike kommunikasie aangedui. Waarde-oordrag kan egter nie deur middel van observasie kwantitatief bepaal word nie. Waarde-oordrag vind plaas wanneer die eerste sewe wesenskenmerke van interpersoonlike kommunikasie vergestalt word. Slegs indirekte afleidings ten opsigte van waarde-oordrag

kan gemaak word op grond van die resultate wat verkry word na observasie van die terapie. Dit word dus hier nie as 'n subhipotese gestel nie.

4.2 NULHIPOTEESES

Nulhipotese 1: Die terapiegroep se totale kommunikasiegedrag sal nie beduidend verbeter na 'n groepterapeutiese program van twaalf sessies nie.

Nulhipotese 2: Daar is nie 'n verband tussen die beoordelaars se observasie van die kommunikasiegedrag van die terapiegroep nie.

4.3 NAVORSINGSONTWERP

In hierdie ondersoek is van die veldstudiemetode gebruik.

4.3.1 Die veldstudiemetode

Van Niekerk (1980:280) beskou die veldstudiemetode as die mees geskikte ortopedagogiese navorsingsmetode. Tydens die uitvoering van 'n veldstudie betree die navorser die veld waar die opvoedingsgebeure hom afspeel en samel hy sy gegewens in deur middel van noukeurige waarneming.

Ortopedagogiese waarneming kan op verskeie wyses plaasvind. Die wyse waarop die gegewens ingesamel is, word vervolgens kortliks uiteengesit aan die hand van Van Niekerk (1980:280-283).

4.3.1.1 Persoonlike waarneming

Persoonlike waarneming van die groepterapeutiese gebeure het op die volgende wyses geskied:

- * Tydens terapie is die kommunikasiegedrag deur twee hulp-terapeute kwantitatief geëvalueer aan die hand van 'n selfopgestelde gedragsevalueringsskaal (kyk paragraaf

4.5.2). Met behulp van bandopnames het ook die hoofterapeut na afloop van die terapie die gedrag geëvalueer aan die hand van die evalueringskaal.

- * Benewens evaluering op die skaal het die hoofterapeut ook die groepterapeutiese gebeure noukeurig beskryf. Waarnemings van die belangrikste aspekte van die sessie is ook deur die twee hulpterapeute neergeskryf.
- * Die hoofterapeut se eie waarnemings van die betrokke dogters se kommunikasie met haar leeftydgenote in informele situasies het die stand van haar kommunikasiegedrag verder blootgelê.
- * Die dogters het aan die hand van 'n vraelys selfverslaggewing gedoen van hulle belewinge tydens groepterapie, asook van die effek wat dit op hulle gehad het. Hulle het ook geleentheid gekry om paragrawe te skryf oor hulle belewinge in die groep. Lakin (1985:203) beskou skriftelike werk as 'n geldige wyse van selfverslaggewing. Hierdie metode het egter beperkte waarde ten opsigte van verstandelik gestremde dogters, vir wie skryf dikwels 'n moeisame en onaangename taak is. Skryfwerk is dus beperk tot slegs enkele paragrawe en die invul van 'n kort vraelys.

4.3.1.2 Gesprekvoering

Inligting is op die volgende wyses deur gesprekvoering ingewin:

- * Na elke sessie het die drie pedoterapeute die groepgebeure deur middel van gesprekke ontleed en geëvalueer. Hoogtepunte en belangrike waarnemings kon op so 'n wyse gerekordeer word en probleme uitgewys word. Die aanvanklike evaluering op die skaal is egter op geen wyse hierdeur beïnvloed nie.

- * Gesprekke is ook gevoer met die voogonderwyseresse van elke dogter om hulle waarneming van die stand van haar kommunikasiegedrag voor die begin van die terapie en na afloop van die terapie te bepaal. Hoewel die onderhoud nie streng gestruktureerd was nie, is die wesenskenmerke van interpersoonlike kommunikasie as riglyne gebruik.
- * Daar is ook deurlopend met die dogters self gesprek gevoer oor die wyse waarop hulle met andere in interaksie tree. Voor die begin van die groepterapie is 'n gesprek met elke betrokke dogter gevoer om te probeer bepaal hoe sy haar interaksie met haar maats en met haar ouers beleef. Hulle het ook tydens en na afloop van elke sessie die geleentheid gekry om op informele wyse te praat oor hul belewinge van die groepgebeure. Jacobs et al (1988:306) beskou gesprek as 'n geldige metode van terugvoering. Die dogters se verbale gestremdheid beperk egter die waarde van gesprekvoering in hierdie verband.

4.3.1.3 Gevallestudies

Deur middel van gevallestudies is soveel inligting as moontlik ingewin aangaande elke dogter. Dit is op die volgende wyses gedoen:

- * Met elke dogter se plasing in die kliniekskool ontvang die skool 'n ortopedagogiese asook 'n sosiopedagogiese verslag. Hierdie verslae is deur onderwysadviseurs opgestel op grond van gesprekke met ouers, onderwysers, asook verskillende media wat ingeskakel is. Uit hierdie verslae kon 'n beeld verkry word van die betrokke dogter se historiesiteit, haar opvoedingsverhoudinge en die stand van opvoedingskommunikasie in die gesin. Volgens De Wet et al (1981b:102) kan reeds bestaande gegewens beskou word as voortoetse.
- * Tydens individuele hulpverlening verkry die pedoterapeut verdere inligting in verband met die betrokke dogters.

- * Die koshuisjoernaal is gebruik om die beeld van die proefpersone se kommunikasiegedrag voor en na terapie nog meer volledig te bepaal. Dit is 'n verslagboek waarin elke diensdoende onderwyseres daaglik verslag lewer oor die positiewe en negatiewe gedrag van die dogters in die koshuis. Dit gee 'n redelike beeld van die dogters se interaksie met mekaar en van probleme wat voorkom. Dit is egter 'n beperkte bron, omdat dit subjektief is en ook omdat alle gedrag nie waargeneem kan word nie.

4.3.1.4 Ortopedagogiese eksperimentering: Die A-B-Enkelproefpersoonnavorsingsontwerp

'n Element van ortopedagogiese eksperimentering kom voor in hierdie ondersoek in die sin dat groepterapie gedoen is en die invloed daarvan op die kommunikasiegedrag van die betrokke dogters kwantitatief bepaal is (Van Niekerk, 1980:280-281).

In hierdie ondersoek het die eksperimentering die vorm aangeneem van enkelproefpersoonnavorsing. Enkelproefpersoonnavorsing word gebruik wanneer 'n bepaalde, meetbare gedragswyse van 'n enkele proefpersoon (of 'n groep proefpersone wat bepaalde gemeenskaplike kenmerke besit, sodat hulle as 'n eenheid beskou kan word), herhaaldelik bepaal word, gewoonlik voor, asook tydens 'n spesifieke vorm van hulpverlening (Van Wyk, 1989:595). Volgens Zane (1987:1346) is enkelproefpersoonnavorsing juis vir geremde en gestremde kinders met spesiale opvoedingsbehoefte geskik.

By enkelproefpersoonnavorsing word die teikengedrag (as afhanklike veranderlike, in hierdie ondersoek **ontploffing van kommunikasievermoëns**) noukeurig geëvalueer, terwyl die omstandighede (as onafhanklike veranderlike, hier **groepterapie**) gemanipuleer word. Die primêre fokus van die ondersoek is gewoonlik 'n spesifieke gedragspatroon (die teikengedrag), wat objektief beoordeel word deur aan te teken by hoeveel persone in die groep dit voorkom binne 'n bepaalde tydsinterval. In hierdie ondersoek is daar van meer indirekte meting gebruik gemaak, deurdat die konstrakte wat

interpersoonlike gedrag beskryf en in die gedragsevalueringskaal gestel is (kyk bylaag i) en elke dogter se gedrag dan hiervolgens kwantitatief geëvalueer is (Van Wyk, 1989:596). Die hoofterapeut het ook op grond van die verslaggewing wat gedoen is van elke sessie, die groepterapeutiese gebeure subjektief geëvalueer. Hierdie persoonlike subjektiewe evaluering is 'n vorm van indirekte meting en is as sulks aanvaarbaar in enkelproefpersoonnavorsing (Van Wyk, 1989:596).

In hierdie ondersoek is die mees basiese enkelproefpersoonnavorsingsontwerp as eksperimentele ontwerp gebruik, naamlik die AB-ontwerp (Tawny & Gast, 1984:187). Hiervolgens is die terapiegroep se prestasie ten opsigte van die teikengedrag eers vasgestel en toe dit 'n bepaalde konstantheid bereik het, het dit as verwysingsvlak of basislyn (A) - gedrag gegeld. In hierdie ondersoek is die terapiegroep se verwysingsvlak vasgestel na ses groepterapiesessies (kyk paragraaf 4.5.1 vir Fase 1 : Samestelling van die terapiegroep). Daarna is begin met groepterapie as intervensiestrategie (B), gekontinueer oor twaalf sessies heen, met herhaalde metings op die afhanklike veranderlike. Hoewel die ABAB-ontwerp 'n meer algemene en geldige enkelproefpersoonsonwerp is (Tawny & Gast, 1984:187), wat behels 'n staking van intervensie en 'n terugkeer na die basislyn voor terapie vir 'n tweede keer toegepas word, kon hierdie ontwerp nie in hierdie ondersoek gebruik word nie en wel om die volgende redes: eerstens neem dit lank om 'n redelik stabiele navorsingsgroep saam te stel. Die navorsing sou dus nie binne die beskikbare tyd afgehandel kon word nie. Tweedens is die behoud van 'n terapiegroep oor 'n lang tydperk as gevolg van die wisselvalligheid van die kliniekskoolsamelewing nie gewaarborg nie. Verder impliseer hierdie ontwerp dat individuele terapie gestaak moet word oor 'n lang tydperk, om kontaminasie van die eksperimentele veranderlikes te verhoed. Staking van alle vorme van terapie is nie toelaatbaar in 'n kliniekskool nie.

4.4 SAMESTELLING VAN DIE NAVORSINGSGROEP

4.4.1 Grootte

Die sukses van groepterapie word grootliks bepaal deur die korrekte samestelling daarvan. 'n Persoon wat nie pas in 'n groep nie, baat nie by groepterapie nie. 'n Groep wat verkeerd saamgestel is, het weinig kans om terapeuties te wees (Yalom, 1985: 227).

In hierdie ondersoek is die groeplede gekies uit 'n groep van 30 dogters in 'n kliniekskool vir senior spesiale onderwys. Alle dogters in die skool is geklassifiseer as verstandelik gestremde, gedragsgeremde kinders. Hul ouderdomme wissel vanaf 13 tot 18 jaar. Hul toetsintelligensie wissel van ongeveer 60 tot 90.

Volgens navorsers soos Yalom (1985:285), Jacobs et al., (1988: 216) en Lask en Lask (1981:135) behoort 'n terapiegroep te bestaan uit ses tot agt lede. 'n Te groot groep maak dit moeilik om te individualiseer, terwyl 'n te klein groep weer lei tot te min interaksie (Douglas, 1976:86, 193; Rogers, 1979:294). In hierdie ondersoek is 'n groep van ses lede saamgestel.

4.4.2 Seleksiekriteria

Empiriese navorsing kon nie daarin slaag om klinkklare kriteria vir insluiting in 'n terapiegroep daar te stel nie. Navorsing dui daarop dat standaard sielkundige toetse, asook projeksiemedia, nie groepegdrag kan voorspel nie (Yalom, 1985:227,256).

Die meeste groepterapeute selekteer nie kliënte nie, maar deselekteer hulle eerder. Hulle skakel dus die persone uit wat volgens hulle mening nie sal baat by groepterapie nie. Persone wie se gedrag ver afwyk van die normale gedrag in die groep moet nie ingesluit word nie (Yalom, 1985:228, 236). Dit sluit in:

- * Persone wat deur hulle luidrugtige gedrag die groep funksionering kan belemmer;
- * iemand wat baie stil is en hul onttrek aan groepdeelname (Trojanowicz, 1973:288);
- * die sosiopaat, wat nie daartoe in staat is om groepnorme te aanvaar nie en nie interpersoonlike verhoudings kan handhaaf nie (Yalom, 1985:228-229);
- * uiters opstandige en vyandiggesinde persone (Heyns, 1971:23);
- * persone wat 'n ernstige lewenskrisis ervaar. Persone wat emosioneel ernstig versteurd is kan nie konsentreer op interaksie in die groep nie (Yalom, 1985:235). Sommige van die dogters in hierdie ondersoek het hulle wel ten tyde van die begin van groepterapie in krisissituasies bevind, maar hulle is voortdurend gesteun deur die volwassenes in die kliniekskool.

Volgens Yalom (1985:268,275) is dit egter nie moontlik om 'n ideale terapiegroep saam te stel nie. Solank as wat die groeplede gewilliglik in die groep bly kan enige toestand binne die groep terapeuties aangewend word.

Die volgende kriteria wat deur navorsers aangegee word is gebruik as riglyne by die keuse van die huidige navorsingsgroep:

- * **Waarneming van die dogter se gedrag binne groepverband.**
Groeplede is eers gekies nadat hulle 'n aantal sessies bygewoon het (Yalom, 1985:258), en tydens hierdie sessies gewys het dat hulle redelik bereid en in staat is om in interaksie te tree met andere.
- * **Die kliniese oordeel van die groepterapeut**

Volgens Ohlsen (1964:155) is die kliniese oordeel van die groepterapeut op grond van 'n persoon se gedrag tydens individuele terapie, en ander beskikbare inligting aangaande die persoon, 'n geldige kriterium vir die selektering van

'n persoon vir groepterapie. Dogters is gekies wat bereid was om tydens individuele terapie te kommunikeer, of minstens 'n duidelike behoefte vertoon het om in die groep te wees. Hierdie behoefte is bepaal tydens 'n individuele onderhoud voor die begin van die toetsfase, waartydens die doel en metodes van groepterapie ook aan die dogters verduidelik is (Corey et al., 1988:37).

* **Homogeneïteit ten opsigte van leeftydfase**

Volgens Rose (1974:25) skakel kinders die beste in by 'n groep as hulle nie meer as een jaar van die mediaanouderdom verskil nie. Met hierdie ondersoek is daar nie streng gehou by hierdie kriterium nie, aangesien dit blyk dat samewerking en vlak van sosiale funksionering belangriker was as chronologiese ouderdom (vgl. paragraaf 5.2.3).

* **Toereikende intelligensie**

'n Persoon moet oor 'n toereikende intelligensie beskik om sinvol te kan deelneem aan alle aktiwiteite in die groep (Ohlsen, 1964:156). Die intelligensietellings van die navorsingsgroep het gewissel van 65 tot 99. Hulle kon dus redelik sinvol deelneem aan groepaktiwiteite.

* **Balans ten opsigte van persoonlikheidstipes**

Navorsing dui daarop dat dit verkieslik is om verskillende tipes persone by 'n terapiegroep in te sluit, omdat dit lei tot groter balans ten opsigte van die interaksie in die groep. Om die balans te verkry is die groep dus uiteindelik saamgestel uit twee uitlewende dogters, twee teruggetrokke dogters en twee "gemiddelde" dogters (Venter, 1974:56).

* 'n Vertrouensverhouding met die kliënt

Die ses dogters wat gekies is as navorsingsgroep was almal in daardie stadium vir 'n tydperk van minstens ses weke in die kliniekskool. Daar het dus reeds 'n redelike vertrouensverhouding bestaan tussen die hoofterapeut en die dogters (Lennox, 1982:25-26).

4.4.3 Seleksieprosedure

Die navorsingsgroep is as volg geselekteer:

Die 24 dogters wat wou deelneem is verdeel in vier groepe van ses elk. Daar is begin met groepterapie aan al vier groepe. Die aanvanklike doel was om die dogters in die groepe waar te neem en dan, in samewerking met die hulpterapeute, 'n finale groep saam te stel as navorsingsgroep. Die uiteindelijke navorsingsgroep is oorspronklik saamgestel uit twee 13-jarige dogters, een 15-jarige dogter, twee 16-jarige dogters en een 18-jarige dogter. Die twee ouer dogters is ingesluit, eerstens omdat daar nie plek was vir hulle in 'n senior groep nie en tweedens omdat hulle goeie samewerking getoon het tydens individuele terapie. Na die eerste sessie is die drie ouer dogters uit die groep geskuif om deel te word van 'n nuwe senior groep. 'n 15-jarige dogter, asook twee 14-jarige dogters is by die groep ingesluit. Na die eerste sewe groepterapiesessies het die twee 14-jarige dogters die groep verlaat. Die 18-jarige dogter en een van die 16-jarige dogters wat tydens die eerste sessie teenwoordig was, is weer by die groep ingesluit om 'n getal van ses groeplede te behou. Die wyse waarop die uiteindelijke navorsingsgroep saamgestel is, word in groter besonderhede uiteengesit in paragraaf 5.2.3. Na sewe sessies het dit geblyk dat 'n redelik stabiele groep saamgestel is, wat bymekaar gepas het.

'n Probleem rondom die selektering van 'n terapiegroep in 'n kliniekskool is dat daar geen waarborg is dat groepbywoning stabiel sal bly nie. Soms loop dogters weg, of weier om na 'n

vakansie of 'n langnaweek terug te keer. Die ouers het ook soms vervoerprobleme, wat kan lei tot skielike afwesighede. Afwesigheid weens siekte mag ook voorkom. Tydens die terapie het afwesigheid dan ook dikwels voorgekom. Geen dogter was egter ooit tydens 'n sessie afwesig as sy in die skool aanwesig was nie.

4.5 NAVORSINGSVERLOOP

4.5.1 Fase 1: Samestelling van die terapiegroep

Elke dogter in die kliniekskool is individueel ingeroep. Daar is aan elkeen verduidelik dat sy kan deelneem aan groepterapie. Die doel en metodes van die groepterapie is ook aan haar verduidelik. Algemene riglyne is gegee van wat van haar verwag sou word in die groep. Sy kon self besluit of sy wou deelneem.

Groepterapie is begin met al vier die groepe. Die eerste drie sessies het hoofsaaklik bestaan uit spanspeletjies op die skoolterrein, asook opwarmingsoefeninge. Daarna is begin met ontmoetingsgroepeoefeninge, met die doel om vertrouwe en groepsamehorigheid op te bou.

Nadat 'n finale terapiegroep na sewe sessies saamgestel is, is 'n gesprek gevoer met die voogonderwyseres van elke proefpersoon ten opsigte van die betrokke dogter se kommunikasiegedrag. Die doel van die gesprek was om 'n duideliker beeld te verkry van elke dogter se kommunikasiegedrag in haar portuurgroep.

4.5.2 Fase 2 : Voortsetting van die groepterapie met die navorsingsgroep en rekordering van die groepterapeutiese gebeure.

Tydens die tweede fase is die groepterapie voortgesit met die navorsingsgroep. Die terapie het oor twaalf sessies gestrek. Dit het hoofsaaklik bestaan uit ontmoetingsgroepeoefeninge. Die terapie het plaasgevind tydens die laaste twee kwartale van die jaar. Die dogters het vir hierdie tydperk geen intensiewe individuele

terapie ontvang nie. Indien 'n ernstige krisis egter sou opduik, was die pedoterapeut of die Departementshoof: Opvoedkundige Leiding beskikbaar vir hulpverlening.

Die wyse waarop die groepterapie tydens hierdie fase geëvalueer is, is reeds uiteengesit in paragrawe 4.3.1.1 en 4.3.1.2.

Die terapie is afgesluit met 'n partytjie.

Aangesien die terapie voortgeduur het tot direk voor die skoolsluiting, is skriftelike terugvoer van die dogters verkry direk na afloop van die terapie, asook aan die begin van die volgende jaar. Sodoende kon die dogters ook verslag doen van hul verhoudinge tuis. Een van die dogters het egter nie teruggekeer skool toe nie en kon dus nie die selfverslaggewingsvraelys volledig beantwoord nie.

4.6 EVALUERING EN INTERPRETASIE VAN DIE GROEPTERAPEUTIESE GEBEURE

Die metodes waarvolgens die navorsingsgegevens geëvalueer en weergegee is, word vervolgens kortliks uiteengesit.

4.6.1 Subjektiewe evaluering en verslaggewing

Die groepterapeutiese gebeure is klinies geëvalueer op grond van die besprekings na afloop van die sessies, die beskrywings van die sessies, gesprekke met personeel, spontane terugvoer wat ontvang is, asook alledaagse waarnemings van die dogter se funksionering in haar portuurgroep.

Hoewel daar ten opsigte van die verloop van die groepterapie onderskei word tussen twee fases, het die negentien sessies groepterapie in werklikheid deurlopend plaasgevind. Die lede van die finale navorsingsgroep is op verskillende stadiums van groepterapie ingeskakel by die groep. Drie proefpersone was byvoorbeeld teenwoordig vanaf sessie een, terwyl een proefpersoon vanaf ses-

sie twee, en twee proefpersone vanaf sessie agt in die groep teenwoordig was. Om 'n volledige subjektiewe evaluering te kon doen van die ontplooiing van elke proefpersoon se kommunikasiegedrag, asook van die groep as geheel, is die groepterapeutiese gebeure dus deurlopend geëvalueer vanaf sessie een tot sessie negentien.

Die kliniese waarnemings en evaluerings is weergegee by wyse van subjektiewe verslaggewing. Roets (1990b:155-157), Venter (1974:84-85) en Tarnow (1985:169-179) het gebruik gemaak van subjektiewe verslaggewing in hul navorsing van groepterapie.

Die selfverslaggewing van die proefpersone is ook subjektief geëvalueer en verbaal weergegee.

4.6.2 Grafiese voorstellings

Tawney & Gast (1984:164-167) beskou visuele, (grafiese) analise van die resultate van enkelproefpersoonnavorsing as 'n geldige metode van evaluering. Volgens Kratochwill (1978:81,85) is visuele analise die mees algemene evalueringsmetode in enkelproefpersoonnavorsing.

Tydens die tweede fase van groepterapie is die gemiddelde telling wat elke proefpersoon vir elke sessie behaal het ten opsigte van al die wesenskenmerke van interpersoonlike kommunikasie bepaal en grafies voorgestel. Afleidings en gevolgtrekkings ten opsigte van haar vordering in die groep is dan daarvolgens gemaak. (Sien grafiese voorstellings in paragraaf 5.5).

Die kommunikasiegedrag van die groep as geheel is op dieselfde wyse bepaal en ook grafies voorgestel.

4.6.3 Statistiese ontledings

Om die visuele analise te staaf is die volgende statistiese bewerkinge gedoen:

- * 'n Eenrigtingvariëansie-analise, met sessies as herhaalde metings vir die berekening van die beduidendheid van verskille in terapiegroepgemiddeldes om die aard van die neiging in die kommunikasiegedrag van die groep as geheel vas te stel;
- * die berekening van die interbeoordelaarsbetroubaarheidskoëffisiënt.

4.7 ONTWERP VAN DIE MEETINSTRUMENTE

4.7.1 Die gedragsevalueringskaal

Daar bestaan huidiglik geen gestandaardiseerde meetinstrumente om die gedrag van verstandelik gestremde kinders te evalueer nie. Daar bestaan ook geen skaal wat interpersoonlike kommunikasie kan evalueer volgens die wesenskenmerke wat in die ondersoek uiteengesit is nie. Dit was dus nodig om 'n skaal te ontwerp vir die sistematiese en kwantitatiewe ontleding van die kommunikasiegedrag van die dogters tydens groep terapie. Vir hierdie doel is 'n gedragsevalueringskaal opgestel waarvolgens die pedoterapeute elke proefpersoon se waargenome kommunikasiegedrag tydens elke sessie kon evalueer (kyk bylaag i). Vervolgens word uiteengesit hoe hierdie evalueringskaal ontwerp is.

4.7.1.1 Inhoud en vorm

Die wesenskenmerke van interpersoonlike kommunikasie, soos dit uiteengesit is in paragrawe 2.2.2 en 3.4, is gebruik as die hoofkategorieë van evaluering. Dit sluit die volgende in:

- * Gevoelskommunikasie;
- * magskommunikasie;
- * buigsaamheid;
- * rasionele denke;
- * erkenning van die ander;
- * gesprekvoering, en
- * ontmoeting.

Aan die hand van literatuurstudie is die bostaande wesenskenmerke in fynere aspekte ontleed, wat dan in vrae omskep is om die inhoud van die evalueringskaal te vorm. Die operasionalisering van die wesenskenmerke is uiteengesit in paragraaf 4.1.

Om die vorm van die evalueringskaal te bepaal is gebruik gemaak van die riglyne wat gegee word deur Landman (1980:126) en De Wet et al. (1981b:160). As verdere riglyn is Die Groenendaalse Gedragsobservatie Schaal (Heslinga et al., 1979:159-163) gebruik. Laasgenoemde skaal behels 77 vrae wat gerig is op die evaluering van die verhoudings van kinders in terapeutiese inrigtings tot volwassenes en die portuur, gesagsaanvaarding, algemene inskalkeling by die inrigtingsamelewing, emosionaliteit en konsentrasievermoë.

Om te voorkom dat die skaal te lank is, is slegs die mees essensiële vrae ingesluit. Te veel vrae sou evaluering tydens groepterapie onmoontlik maak. Die oorspronklike vraelyste is na voortoetsing verkort. Die finale evalueringskaal bevat 23 vrae.

4.7.1.2 Puntetoekenning

Elke aspek van kommunikasie is aan die hand van die skaal vir elke proefpersoon geëvalueer en 'n numeriese waarde is daaraan toegeken. Die volgende vyfpuntskaal is gebruik:

- 0 Die stelling is geheel en al nie van toepassing nie (die gedrag kom nooit voor nie).
- 1 Die stelling is in 'n geringe mate van toepassing (die gedrag kom voor, maar nie dikwels nie).
- 2 Die stelling is redelik van toepassing (die gedrag kom redelik dikwels voor - 50/50).
- 3 Die stelling is sterk van toepassing (die gedrag kom baie dikwels voor).

- 4 Die stelling is baie sterk van toepassing (die gedrag kom feitlik altyd voor) (kyk bylaag i).

By die toekenning van punte op hierdie skaal moet egter in gedagte gehou word dat die skaal slegs kommunikasiegedrag evalueer soos wat dit geopenbaar word. 'n Lae telling dui dus nie noodwendig op 'n algehele afwesigheid van die vermoë tot sekere kommunikasiegedrag nie, maar slegs dat dit nie op daardie stadium sigbaar is nie. 'n Hoë telling dui slegs daarop dat sekere gedrag dikwels in die groep voorgekom het.

4.7.1.3 Die bepaling van geldigheid

'n Wetenskaplike meetinstrument moet voldoen aan die vereiste van geldigheid. Die geldigheid van 'n meetinstrument verwys na die mate waartoe dit meet wat dit veronderstel is om te meet (De Wet et al., 1981b:132). Om die geldigheid van die evalueringsskaal te verhoog is die volgende stappe uitgevoer:

- * 'n Ontleding is gemaak van die wesenskenmerke van interpersoonlike kommunikasie.
- * Die wesenskenmerke is in vraagvorm op verstaanbare wyse geformuleer.
- * Sorg is gedra dat die betekenis van elke woord vir die evalueerder duidelik is.
- * Elke vraag is in verdere korter vrae ingedeel.
- * Sover moontlik is vrae gesuiwer van vooroordeel en suggestie;
- * Vrae is herskryf in terme van waarneembare gedrag.
- * Vrae wat verband hou met mekaar is saam gegroep.

- * Die voorlopige vrae is tydens die selekteringsfase uitgetoets en die sinvolheid daarvan weer geëvalueer (Landman, 1980:114-116; De Wet et al., 1981b:165-166).

Volgens Venter (1974:87) is dit feitlik onmoontlik om die geldigheid van 'n skaal wat die groepterapeutiese gebeure evalueer statisties te bepaal.

4.7.1.4 Die bepaling van betroubaarheid

'n Wetenskaplike meetinstrument moet ook betroubaar wees (De Wet et al., 1981b:145). Betroubaarheid verwys na die mate van konsekwentheid en akkuraatheid waarmee 'n meetinstrument meet. Dit beteken dat konsekwente resultate oor 'n tydperk deur verskillende persone verkry moet word (De Wet et al., 1981b:131; Benecke, 1980:88). Toetsbetroubaarheid gee 'n aanduiding van die mate waarin individuele verskille in toetsresultate toegeskryf kan word aan werklike verskille in die kenmerk wat gemeet is en die mate waarin dit toegeskryf kan word aan toevallige foute (De Wet et al., 1981b:132).

'n Betroubare meetinstrument is nie noodwendig 'n geldige meetinstrument nie, maar 'n geldige meetinstrument is wel betroubaar (De Wet et al., 1981b:132). Die stappe wat in paragraaf 4.7.1.3 uiteengesit is om geldigheid te verhoog sal dus ook die betroubaarheid van die skaal verhoog.

Die interbeoordelaarsbetroubaarheid is egter ook statisties bepaal. Die wyse waarop dit gedoen is word uiteengesit in paragraaf 5.4.

4.7.1.5 Die verhoging van observasie-objektiwiteit

Gouws et al. (1982:203) omskryf objektiwiteit as die aspek van waarneming of evaluering wat bepaal dat dit nie beïnvloed word deur die waarnemer se persoonlike voorkeure, sydigheid of gevoel

nie. Dit behels dus waarneming of evaluering wat dieselfde resultate lewer by alle bevoegde waarnemers.

Die volgende stappe, soos aangedui deur Landman (1980:124-125) en Benecke (1980:89-90), is gevolg om observasie-objektiwiteit te verhoog:

- * Vir die evaluering van die groepterapie is gebruik gemaak van ervare pedoterapeute wat oor 'n grondige kennis beskik van die ortopedagogiek. Hulle huldig ook dieselfde teoretiese uitgangspunte ten opsigte van die heropvoedingsverskynsel.
- * Die beoordelaars is deeglik ingelig ten opsigte van die betekenis van die kategorieë wat hulle moes beoordeel.
- * Vrae is so gestruktureer dat logiese, sistematiese en ondubbelsinnige antwoorde verkry kon word.
- * Die instruksies was duidelik en eenvoudig.
- * Die metode van evaluering is redelik eenvoudig.
- * Die vraelyste het nie te veel items ingesluit nie.
- * Besonder abstrakte vrae is vermy.
- * Vrae met 'n dubbele negatief is vermy.

Nogtans moet die subjektiwiteit van die gedragsevalueringsskaal as 'n beperking erken word (Landman, 1980:125). Die waarnemer kan byvoorbeeld te vrygewig of te streng evalueer. Ook die "halo"-effek, waarvolgens 'n proefpersoon geëvalueer word volgens 'n algemene positiewe indruk van haar, kan objektiwiteit belemmer (De Wet et al., 1981b:161). 'n Verdere beperking is dat die pedoterapeute met verloop van terapie bekend raak met die proefpersone en meer subjektief betrokke raak.

4.7.2 Die Selfverslaggewingsvraelys

'n Vraelys is opgestel aan die hand waarvan die proefpersone hul eie belewenisse ten opsigte van die groepterapie kon weergee. Die inhoud en vorm van die vraelys word vervolgens kortliks beskryf.

Die vraelys het bestaan uit tien onvoltooide sinne en vyf "oop" vrae. Die onvoltooide sinne is direk na afloop van die terapie ingevul, terwyl die vyf oop vrae na die vakansie beantwoord is. Dit het aan die proefpersone die geleentheid gebied om ook verslag te doen oor verhoudinge tuis. Dit toets verder ook die invloed wat tydsverloop het op groeplede se siening van die ervarings wat hulle tydens groepterapie beleef het. Yalom (1985:4) wys daarop dat kliënte geneig is om groepterapie na verloop van tyd minder positief te evalueer as direk na afloop van die terapie.

Aangesien hierdie dogters oor 'n minder verfynde diskriminasievermoë beskik ten opsigte van hul eie gedrag, is die vraelys nie gestruktureer volgens die wesenskenmerke van interpersoonlike kommunikasie nie. Numeriese waardes is ook nie aan antwoorde toegeken nie. Die dogters is nie verstandelik in staat daartoe om hulself op so 'n wyse te beoordeel nie. Die vrae is so gestel dat die dogters subjektief daarin kon weergee:

- * Hoe hulle in die algemeen gevoel het in die groep;
- * waarvan hulle gehou het en waarvan nie;
- * Wat hulle van hulself geleer het in die groep;
- * wie hulle leer vertrou het in die groep;
- * hoe hulle oor hulleself voel;
- * hoe hulle interaksie met hul medegroeplede was na groepterapie;
- * hoe hul interaksie met die ander dogters in die koshuis was na groepterapie;
- * hoe hulle interaksie met hul voorgonderwyseres was na groepterapie, en

- * hoe hulle interaksie was met hul ouers was tydens die vakansie.

4.7 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die **metodes** uiteengesit waarvolgens die navorsingsgegevens ingesamel is. In hoofstuk 5 word die **verloop** van die groepterapie uiteengesit. Die **groepterapie-effekte** word geëvalueer en gevolgtrekkings word gemaak.